# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (1-5 Junie 2026)

---

## ONS ONTMOET MEKAAR
Baie mense verlang na die "goeie ou dae." Wat is vandag beter as in die "goeie ou dae?"

## ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan en bid vir mekaar.

## GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** Efes 5:6-20
**Tema:** Lewe as mense van die lig.

## Gespreksvrae:

1. Watter "onwaarhede" of invloede in die wêreld maak dit vandag moeilik om as mense van die lig te leef? Hoe kan ons onderskei tussen waarheid en misleiding?

2. Vertel van 'n situasie waar dit moeilik was om volgens God se wil op te tree, eerder as om saam met die meerderheid te gaan.

3. Waarom is dit nie genoeg om net te weet wat reg is nie, maar dit ook te doen? Deel 'n voorbeeld waar jy moes kies tussen wat gewild was en wat reg was.

4. Wat beteken dit om "deursigtig" en eg te leef as Christen? Is daar areas in jou lewe wat jy eerder in die donker probeer hou?

5. Waarom is dit soms moeilik om ons stem te laat hoor wanneer verkeerde dinge gesê of gedoen word? Hoe kan ons sonde aanspreek op 'n manier wat waarheid én liefde wys?

6. Efesiërs 5:19-20 praat van mense wat die Here loof en dank. Hoe help 'n Geesvervulde en dankbare lewe ons om as mense van die lig te leef?

7. Volgens Efesiërs 5:8 was ons "vroeër duisternis", maar nou is ons "lig in die Here". Wat beteken hierdie verandering prakties in jou eie lewe?

8. Watter een van hierdie vier dinge het die Here vandag spesiaal op jou hart gelê:
   - luister na die Here,
   - leef volgens sy wil,
   - laat jou stem hoor teen verkeerd, of
   - loof die Here?

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS

Hoe gaan jy, as ‘n mens van die lig, ‘n verskil maak in jou wêreld?

### KRAGGAKAMMA KAMPIOEN KERMIS

Ons kermis is op Saterdagoggend, 20 Junie 2026.
Kom raak asb. persoonlik betrokke:

- Raak betrokke by ‘n stalletjie. Lees meer oor waar jy betrokke kan raak in die Kermis Koerant of op die Kermislys.
- Maak ‘n finansiële skenking of help met benodighede.
- Bestel vir julle Lamsvleis.

Die kermiskoerant, kermislyste en lyste vir bestellings vir vleis is in die voorportaal en op ons webblad beskikbaar.

- Help weer kaartjies verkoop waarmee groot pryse gewen kan word. Boekies is by jou kerkraadslid of by die kerkkantoor beskikbaar.

Vir meer inligting, kontak die Kerkkantoor.
Kom wees saam ‘n BOK vir sports!